

My Kreatiewe

# BYBEL JOERNAAL

SPREUKE

*My kreatiewe*

# BYBEL JOERNAAL

& Gees
Heuningsoet Woord
Psalm 19:10&11

'n Self-doen Bybelstudie vir kinders 9 tot 13 jaar.
Geskryf deur Carien Stander.

carien@hencar.co.za

Gedurende hierdie Bybelstudie Joernaal gaan jy aan
verskillende kosbare Bybelstudietegnieke blootgestel word
wat tot gevolg gaan hê dat jy die Woord van God
beter gaan leer ken.
Tesame hiermee, sal jou geloof in God groei soos jou kennis van Hom toeneem.

Deur daagliks puntsgewys deur die temas te beweeg, gaan jy oor verloop van tyd:

- jou Bybelboeke beter leer ken
- Bybelkarakters leer ken as werklike persone
- ontdek wat sommige moeilike woorde in die Bybel beteken en leer om hulle te ontrafel
- leer om vanuit die Woord te bid
- meermale jou verbeelding aktiveer en inleef in Bybelse tekste
- verskillende Bybelstudiemetodes gebruik om dieper in die Woord te delf en lewend te maak vir jouself
- leer om die kern/ hart/ tema van 'n teks te identifiseer
- met groter aandag en intensie Bybelverse bestudeer
- leer hoe om die waarhede van die Woord deel van jou eie lewe te maak (toepassing)
- leer om kern verse (waarhede) op 'n kreatiewe manier uit te beeld om die memorisering van die Woord in jou hart en gedagtes vas te lê
- besef dat Heilige Gees jou geliefkoosde en broodnodige Onderwyser is wanneer jy die Bybel bestudeer en ....
- 'n lewenslange fondasie vorm waarop jy die Bybel prakties deel maak van jou lewe om 'n groot liefde vir God se Woord te ontwikkel.

Mag hierdie studie tot seën wees vir jou!

# WAT IS IN HIERDIE Bybelstudie?

*Dag 1 :* Spreuke 1

*Dag 2 :* Spreuke 2

*Dag 3 :* Spreuke 3

*Dag 4 :* Spreuke 4

*Dag 5 :* Spreuke 5

*Dag 6 :* Spreuke 6

*Dag 7 :* Spreuke 7

*Dag 8 :* Spreuke 8

*Dag 9 :* Spreuke 9

*Dag 10 :* Spreuke 10

*Dag 11 :* Spreuke 11

*Dag 12 :* Spreuke 12

*Dag 13 :* Spreuke 13

*Dag 14 :* Spreuke 14

*Dag 15 :* Spreuke 15

*Dag 16 :* Spreuke 16

*Dag 17 :* Spreuke 17

*Dag 18 :* Spreuke 18

*Dag 19 :* Spreuke 19

*Dag 20 :* Spreuke 20

# Dag 1: Spreuke 1

Spreuke is 'n boek propvol lewenswyshede geksryf deur Salomo. Salomo was Koning David se seun. Toe Salomo ná David gesalf is as koning, het hy vir God wysheid gevra om Sy volk Israel getrou te lei, volgens God se wil.
Jy kan hiervan lees in **1 Konings 3: 5- 14**. Dit het als in 'n droom van Salomo gebeur. As gevolg van hierdie droom, is Salomo vandag nog bekend as die wysste mens wat nog ooit op die aarde geleef het en ooit sal leef.
Lees ook **1 Konings 4:29-34** om te sien hóé bekend Salomo in die Bybelse tyd was.



| | | | |
|---|---|---|---|
| ***Bybelboek Ontdekking*** | **1 Konings** | Ou Testament | |
| | Begin op bl. | Nuwe Testament | |

1. Doen 'n kort gebed voordat jy uit die Bybel lees: Vra vir Heilige Gees om jou te lei terwyl jy uit die Bybel lees. Vertel vir Hom dat jy jou hart vir Hom oopmaak, sodat Hy Sy lig van Waarheid in jou hart kan skyn soos wat jy deur die hoofstukke van ***Spreuke*** lees.

2. Lees ***verse 1-7*** van ***Spreuke 1*** hardop en met aandag deur. Dink na oor elke vers soos jy daardeur lees.

3. Hoekom sê die Bybel is dit belangrik om die boek ***Spreuke*** te lees? (Noem 'n paar voordele wat die wyshede van Spreuke vir jou inhou vir jou lewe).

* ______________________ * ______________________
* ______________________ * ______________________
* ______________________ * ______________________




3. Lees nou verder: ***Spreuke 1:8-19***.

4. **Woordbetekenis**: Verduidelik wat jy verstaan of gee sinonieme vir die woord: **'verontagsaam'** ***(vers 8).***

______________________________________________

5. Hoekom dink jy sê Salomo dat dit vir jou belangrik is om na jou ouers te luister in ***vers 8-9***? ______________________________

Dink jy jy is altyd gehoorsaam aan jou ouers se onderrig en raad?

______________________________





6. Het dit al gebeur dat maats jou uitgedaag het ('**verlei**' - ***vers 10***) om iets te doen wat jy in jou hart geweet het nie die regte ding was om te doen nie? Hoe sê Spreuke moet jy daarop reageer? (***vers 15***).

__________________________________________________________

7. Lees ***Spreuke 1:20-23.*** Hier beeld Salomo wysheid uit as 'n vrou wat mense wil help en leiding aanbied om die regte leefwyse te kies. Sy roep hard, sodat almal haar kan hoor (in die stad). Wyheid is vir ALMAL beskikbaar. Baie mense ignoreer haar, maar sommiges luister en slaan ag op haar woorde (hulle hoor en dink oor haar woorde en kies om daarvolgens te lewe – dit is wysheid).




***Elke keuse wat jy maak het 'n gevolg.*** *Dink maar net wat sal gebeur wanneer jy een oggend besluit om nie uit jou bed uit op te staan nie... wat dink jy sal die gevolg wees? Of wanneer jy besluit om nooit weer jou tande te borsel nie? Of wat dink jy sal die uitkoms wees indien jy van nou af besluit om elke dag ingestel te wees om vriendelik te wees teenoor almal wat jou pad kruis? Die keuses wat jy maak kan jou lewe verander, ten goede (positief) of ten slegte (negatief).*

** Dink aan nog 'n keuse wat jy vandag kan maak wat 'n positiewe invloed op jou lewe kan hê.*

8. Lees die laaste deel van ***Spreuke 1:24-33***. Hier verduidelik die vrou (wysheid) wat sommige mense met haar raad maak. Sy waarsku hulle ook teen die gevolg van hulle keuses. Verduidelik in jou eie woorde wat jy verstaan vanuit die volgende twee idiome:

| | |
|---|---|
| Om iemand se raad in die wind te slaan. (***vers 25***) | |
| Jy sal die vrugte van jou optrede pluk. (***vers 31***) | |

9. Nadat jy ***Hoofstuk 1*** gelees het, wat dink jy is die belangrikste (**kernboodskap**) wat jy hieruit leer of wil onthou vir altyd?



__________________________________________________________

10. Lees ***Psalm 111:10***. Sluit af deur vir God te vra vir wysheid. Kies dat jy God se wysheid van vandag af nodig het vir jou lewe.

Dag 2:

# Spreuke 2

Begin vandag deur **Psalm 111 vers 10** te lees.
Hierdie is jou kern- en memoriseringsvers vir die volgende paar dae.
Skryf die eerste sin daarvan in die blokkie hieronder.



1. **Gebed voor jy uit jou Bybel lees**: Vra vir Heilige Gees om jou te help en vir jou die Woord te verduidelik soos wat jy verder deur Spreuke lees.

2. Salomo is nogsteeds besig om met sy seun te gesels oor hoe belangrik wysheid is. Lees ***Spreuke 2:1-5*** met aandag deur. Lees rustig. Staan vir 'n rukkie stil by 'n vers as jy daaroor wil nadink.

3. Dink aan iets wat **jou eie besitting is** en **nét aan jou behoort**. Noem 'n paar dinge wat jy weet jou eiendom is:

My ____________, ____________ en ____________

4. ***Vers 1*** sê Salomo vir sy seun dat hy die wyse woorde wat hy vir hom sê "sy eie moet maak". Wat dink jy bedoel hy daarmee?

______________________________________________

>>>Dink daaraan: wat sal jy doen as jy 'n hondjie as troeteldier kry en dit jou eie maak – hoe sal jy met die hondjie te werk gaan?

______________________________________________

*Omdat **God se Woord** self wysheid is en bevat, moet jy dít wat Hy jou leer in die Bybel, **jou eie maak**. Dit help nie jy lees net van dit wat God jou leer en vergeet dadelik weer daarvan nie. God wil hê dat jy dít wat jy in Sy Woord lees, deel sal maak van jou lewe (toepas). Lees nou **Jakobus 1:19 – 25**.*



5. Lees ***Spreuke 2:6-19***. Waar sê ***vers 6*** kom wysheid vandaan? Krabbel *('doodle')* ***vers 6*** in mooi gekleurde letters hieronder in die raampie.



Spreuke 2:6

6. Noem 'n paar goeie dinge wat met jou sal gebeur wanneer jy wysheid kies.

***vers 7 God sal my laat _______________ en _______.***

***vers 8 God sal _________________________.***

***vers 9 Ek sal _______________ en _______________.***

***vers 12 Wysheid sal my _________________________.***

7. Lees die laaste verse van ***Spreuke 2 (verse 20-22).*** Hier lees ons dat Salomo vir jou voorstel om liewer die lewenspad te stap van 'n 'goeie mens'. Hy noem die 'padaanwysings' wat sal voorkom op 'n 'goeie mens' se pad. Verduidelik wat elkeen van hierdie woorde beteken en hoe so 'n persoon optree.

| | |
|---|---|
| **Regverdige** ***(vers 20)*** | |
| **Opregte** ***(vers 21)*** | |
| **Onberispelik** ***(vers21)*** | |

8. Teken jouself op die lewenspad met drie aanwysingsbordjies waarop bogenoemde aanwysingswoorde in (nr.7) in die rigting wys waarop jy stap.



9. Sluit af deur vir God te vra vir wysheid, sodat jy jou lewe lank op die regte lewenspad sal stap, saam met Hom.

Dag 3: # Spreuke 3

Blaai weer na **Psalm 111: 10** en lees dit.
Skryf die eerste sin daarvan in die blokkie hieronder.



1. Voordat jy uit jou Bybel lees: Draai na Heilige Gees in 'n kort gebed en vra Sy hulp en leiding soos wat jy nou met die Woord van God besig gaan word.

2. Lees ***Spreuke 3:1-4*** hardop as dit moontlik is vir iemand. Dink aandagtig oor elke vers soos jy dit lees.

Salomo moedig sy seun/dogter (jou) aan om nie die woorde wat hy jou leer, te vergeet nie en dat jy daaraan moet vashou. Wat sal met jou gebeur as jy die woorde van die Bybel, deel maak van jou lewe? ***(vers 4)***

____________________________________________________________


3. Lees ***Spreuke 3:5-12.*** Partykeer kan dit gebeur dat jy dink jy weet die beste. Jy kan dalk dink jy is die slimste tussen ander maats. Dalk verbeel jy jou dat jy altyd die vinnigste is of die oulikste idees kry. ***Vers 7*** waarsku jou dat jy nie te veel van jouself moet dink nie - moenie hoogmoedige gedagtes van jouself kry nie. Verduidelik in jou eie woorde wat die idioom: *"jy dink jy het die wysheid in pag"* beteken. Gebruik 'n voorbeeld uit jou eie lewe om te verduidelik.



____________________________________________________________

____________________________________________________________

4. Krabbel ***vers 5 en 6*** in die blokkie. Skryf dit ook op 'n plak-papiertjie en sit dit teen jou spieël vas om te onthou vir dié kere wanneer jy voel jy kan nie iets regkry nie of wanneer jy sukkel om iets baas te raak.



Spreuke 3:5-6

5. Hoekom dink jy is dit nodig dat jou ouers jou dissiplineer? (bv. jou herinner om jou kos te kou met 'n toe mond/jou bed op te maak/nie te vloek nie/getrou dankie te sê wanneer jy iets ontvang)?



6. Lees nou ***vers 12*** en sien die rede hoekom God ook somtyds Sy kinders teregwys of straf van tyd tot tyd.

7. Lees ***Spreuke 3:13-26.*** Watter verse spreek tot jou hart of is vir jou baie mooi wat jy wil onthou? Skryf dit hier onder neer.

| Versnommer | Wat die vers vir jou sê in jou eie woorde |
|---|---|
| vers __ | |
| vers __ | |
| vers __ | |



8. Lees ***Spreuke 3:27-35.*** Voltooi die volgende sinne:

Ek wonder ______________________________________________

Ek kom agter ______________________________________________

Ek besef/lees vir die eerste keer dat ______________________________

______________________________________________________________

9. ***Vers 33*** sê dat God se seën rus op die mense se huise, wat getrou reg lewe voor Hom. Teken julle huis en hoe God se seën soos 'n reënboog oor julle huis rus.

10. Suit af deur vir God te vra om jou te help om 'n nederig/beskeie hart te hê (***vers 34***).

*'n Nederige persoon is nie onbeskof nie. Hy spog ook nooit oor sy eie prestasies nie, maar behou 'n leerbare hart. Nederige mense is dankbaar, opreg vriendelik en help ander maklik.*

# Dag 4: Spreuke 4

Lees **Psalm 111 vers 10** se eerste sin.
Ken jy al jou kern- en memoriseringsvers uit jou kop?
Kyk of jy die eerste sin daarvan in die blokkie hieronder kan neerskryf.



1. Voor jy begin Bybel lees: Vra Heilige Gees vir leiding en rigtingwysing soos jy nou deur ***Spreuke 4*** gaan lees. Onthou dat jy gister geleer het dat 'n nederige of beskeie persoon altyd 'n leerbare hart moet hê. Maak dus jou hart oop vir Heilige Gees, vir dit wat Hy jou wil leer uit vandag se verse.

2. Lees ***Spreuke 4:1-9*** en dink mooi oor elke vers soos jy dit lees.

Skryf iets neer wat vir jou interessant is of waarvan jy opnuut bewus geword of geleer het in die nege verse:

---

3. Lees verder ***Spreuke 4:10 -19***. Hierdie verse vertel vir ons hoe verskillend die pad lyk van mense wat kies om verkeerde dinge in hulle lewens te doen, teenoor mense wat lewe volgens God se Woord (wysheid). Noem 'n paar kenmerke van die resultaat van mense se lewens, soos wat hulle kies om te lewe.

| Goddelose / slegte mense | Wyse mense wat lewe volgens God se Woord |
|---|---|
| | |



4. Lees ***Spreuke 4:20-27*** rustig deur. In hierdie gedeelte is daar baie mooi lewenswaarhede wat jy kan deel maak van jou eie lewe.



*Het jou ouers al met jou gepraat en dan uitdruklik vir jou gesê: "Luister nou mooi wat ek gaan sê: … " of "…ek gaan nou vir die LAASTE keer vir jou hierdie sê…"?*

Hier kry ons dieselfde geval in die Bybel. In ***vers 20 en 21*** vra Salomo jou om GOED te luister en NIE te vergeet wat hy jou in die volgende verse gaan leer nie. Skryf dit wat jy verstaan vanuit die volgende verse (die opdrag wat hy vir jou gee) oor in die blokke.


Vers 23

Vers 24




Vers 25-27

5. Sluit af deur weer die hierdie les se verse te lees wat jy neergeskryf het. Kies een of twee daarvan en skryf 'n gebed vir God waarin jy Hom vra om jou te help om te lewe volgens hierdie eienskappe of voorstelle wat Salomo noem, wat 'n wyse mens belangrik ag.



Dag 5: **Spreuke 5**

Kan jy onthou waar wysheid begin?
As jy dalk nodig het om weer te onthou, lees **Psalm 111: 10** se eerste sin.
Skryf nou hierdie sin in die blokkie hieronder.



Psalm 111:10

1. Voor jy begin Bybel lees: Vra vir Heilige Gees om jou by te staan soos jy vandag deur ***Spreuke 5*** gaan lees. Wanneer jy jou gedagtes en hart na Hom draai in gebed, maak jy jou hart vir Hom oop. Hierdeur laat jy Hom toe om vir jou die Woorde wat jy lees, aan jou hart en gees te verduidelik.

2. Lees ***Spreuke 5:1-6***. Hierdie verse vergelyk die invloed van verkeerde mense met die beeld van 'n slegte vrou. Hierdie vrou praat nie mooi nie, vertel moontlik sommer baie leuens en versprei lelike stories oor ander mense. Was jy al tussen mense of maats wat so optree? _______ Wanneer jy met mense omgaan (bevriend) wat dit nie belangrik ag om volgens God se Woord, opreg en heilig te lewe nie, sal dit jou beïnvloed. Hoe waarsku ***vers 5 en 6*** jou sal so 'n vriendskap 'n invloed op jou lewe hê?



3. Terwyl jy ***Spreuke 5:7-20*** lees, dink daaraan dat Salomo in hierdie verse steeds sy seun leer om die regte lewenskeuses te maak. In hierdie verse



waarsku hy nogsteeds sy seun teen die skadelike invloed wat verkeerde verhoudinge op sy lewe kan hê.

Skryf enige iets nuuts wat jy geleer het uit hierdie verse neer.

4. Lees ***Spreuke 5:21*** en skryf dit in mooi gekleurde letters in die blok hieronder.

*Spreuke 5:21*

5. Verduidelik die vers wat jy hierbo oorgeskryf het in jou eie woorde.

*Het dit al met jou gebeur dat jy 'n wit leuentjie vertel het en toe vind iemand uit dat jy gejok het? Of dalk het jy iets verkeerds gedoen wat jy geweet het jou ouers jou teen gewaarsku het, net om later agter te kom dat hulle tog reg was en jy verkeerd?*

6. Verduidelik wat '**selfbeheersing**' beteken. Jy kan 'n voorbeeld hiervan gee.

7. Lees nou ***verse 22 en 23.*** Volgens hierdie verse vertel Salomo vir sy seun dat die verkeerde keuses (dwaasheid) gemaak word as gevolg van 'n mense se *"gebrek aan selfbeheersing"*. Verduidelik wat jy hieruit verstaan.

**** Selfbeheersing is 'n vrug van die Heilige Gees. Dit beteken dat wanneer jy Jesus in jou lewe ingenooi het, Heilige Gees jou kan help om die regte keuses te maak, al voel jy somtyds steeds baie lus om steeds verkeerde dinge te doen. Sluit af deur vir God te vra om jou te help om die regte keuses op jou lewenspad te maak.***



# Dag 6: Spreuke 6

Voltooi die sin in die blokkie hier onder.
As jy dalk bietjie hulp nodig het, lees weer **Psalm 111: 10** se eerste sin.



Wysheid begin met _______________________________________________

almal wat ___________________________________________________________.

**Psalm111:10**

1. Voor jy begin Bybel lees: Vra vir Heilige Gees om jou vars wysheid te gee soos wat jy vandag deur ***Spreuke 6*** verder lees.

2. Lees ***Spreuke 6:1-5.*** ☐ Tik af.

3. In ***Spreuke 6:6-11*** Vertel Salomo vir ons iets meer van hardwerkendheid. Hy sê ons moet iemand/iets in die natuur dophou om so te leer werk. Wie sê Salomo is ons voorbeeld van pligsgetrouheid as dit by werk kom?



**Gaan kyk na die** ______________________________

4. Noem 'n paar eienskappe wat die mier vir jou wys, hoe jy moet lewe, om 'n goeie bestaan te maak voor God in jou daaglikse werk en om Hom te verheerlik in jou lewenswyse.

Eienskappe van 'n mier wat ek kan nastreef in my eie lewe


- 
- 



***5. Lees Spreuke 6:12-15.*** ☐ ***Tik af.***

***6. In Spreuke 6:16-19*** vertel Salomo van sewe dinge waarvan God glad nie hou nie (wat God "verafsku"). Lees dit deur en skryf dit oor in die vorms.

**God hou glad nie van mense wat:**



7. Lees ***verder Spreuke 6:20 -23.***


Jou ouers of ouer persone wat oor jou lewenspad kom, gee gereeld vir jou raad en leiding in wat jy moet doen, hoe jy moet optree of waarby jy liewer nie betrokke moet by raak nie. God het jou spesiaal en baie spesifiek in jou huisgesin gesit, sodat jou ouers en familielede 'n goeie invloed op jou lewe en opvoeding kan hê. Wat sê Salomo moet jy met jou ouers se raad doen? Is jy gehoorsaam aan dit wat die Woord jou hier leer?

8. Hoekom sal jy sê, luister jy somtyds nie na dít wat jou ouers aan jou voorskryf of voorstel nie?

***Selfs al voel dit vir jou, dat jou ouers of ouer persone vir jou die eenvoudigste raad gee, en jy glad nie saam met hulle stem op daardie oomblik nie: luister na hulle raad. Die Woord van God beveel jou om jou ouers te respekteer en aandag te gee aan wat hulle jou leer. Hulle het al 'n lewenspad gestap en het ervaring van dit wat vir jou beter sal wees, asook van dit waarteen hulle jou wil beskerm. Dit is presies hoe God in Sy liefde ook teenoor Sy kinders optree. God wil ons beskerm teen die effek van sonde, daarom raai Hy ons af om sekere dinge soos steel, skinder, onvergifnis en haat uit ons lewens te verwyder. Hy moedig ons eerder aan om almal met liefde te hanteer en te dien.***

9. Lees nou die laaste gedeelte: ***Spreuke 6:24-35.*** ☐ Tik af.


10. ***Vers 23*** sê dat wyse woorde wat jou leer en lei, soos 'n lig is. Teken in die blok hierdie vers met byskrifte. Vra nou in 'n gebed vir God dat Sy Lig van Wysheid op jou lewenspad sal skyn.



Dag 7:

# Spreuke 7

Die eerste sin van **Psalm 111: 10** is jou memoriseringsvers vir die eerste gedeelte van hierdie joernaal. Dalk ken jy al hierdie vers uit jou kop.
Skryf hierdie sin in die blokkie hieronder.



Psalm 111:10

1. Nooi Heilige Gees uit om saam met jou deur ***Spreuke 7*** te lees. Vra Hom om vir jou dit wat jy lees te verduidelik, sodat jy dit kan onthou en deel kan maak van jou lewe.

2. Lees ***verse 1-4*** van ***Spreuke 7*** hardop deur in jou eie Bybel. Lees en vergelyk daarna die onderstaande vier verskillende Bybelvertalings. Gebruik gekleurde potlode om sekere woorde of sinne wat vir jou uitstaan te onderstreep, te omkring of in te kleur.

Spreuke 7

Die Boodskap

1 Jong vriend, onthou wat ek jou oor die lewe geleer het. Bêre my voorskrifte in jou gemoed. Leef daarvolgens en jy sal gelukkig wees.

2 Laat my voorskrifte vir jou so kosbaar soos die lewe self wees. Bind dit soos 'n stukkie lint aan jou vinger.

3 Graveer dit so diep in jou hart dat jy dit nooit vergeet nie.

4 Maak die spreuke se wysheid so jou eie dat dit vir jou soos 'n geliefde suster sal wees. Word met die spreuke se voorskrifte so bekend soos 'n mens 'n familielid baie goed leer ken.

Proverbs 7

Amplified Bible

My son, keep my words
And treasure my commandments within you
[so they are readily available to guide you].
2
Keep my commandments and live,
And keep my teaching and law as the apple of your eye.

3
Bind them [securely] on your fingers;
Write them on the tablet of your heart.
4
Say to [skillful and godly] wisdom, “You are my sister,”
And regard understanding and intelligent insight as your intimate friends.



Spreuke  Afr 1953

Wysheid woon by jou

1 Bly altyd by wat ek vir jou sê,

my seun. Koester wat ek vir jou voorskrif in jou binneste.

2 Bly daarby, sodat jy kan lewe.

Laat dit wat ek vir jou leer

vir jou so kosbaar wees soos die appel van jou oog.

3 Sit dit aan jou vingers soos 'n ring.

Skryf dit uit op die tafel van jou hart.

4 Sê vir die wysheid: "Jy is my suster."

Maak insig 'n lid van jou familie.

Proverbs 7 TPT

Wisdom, Your True Love

1 Stick close to my instruction, my son,

and follow all my advice.

2 If you do what I say, you will live well.

Guard your life with my revelation-truth,

for my teaching is as precious as your eyesight.

3 Treasure my instructions and cherish them within your heart.

4 Say to wisdom, "I love you,"

and to understanding, "You're my sweetheart."



4. Wat is vir jou die mooiste wat jy nuut geleer het vanuit hierdie vier verse?

______________________________________________

5. Teken iets uit hierdie verse en skryf die vers/sin neer wat jy geteken het.



6. Lees nou die laaste gedeelte ***Spreuke 7:5-27.*** ☐ Tik af en voltooi:

Ek wonder ______________________________________________


Ek leer hieruit dat ______________________________________________

Ek kom agter dat ______________________________________________

Ek verstaan nie ______________________________________________

# Dag 8: Spreuke 8

Vandag kan jy **Psalm 111:10** opsê. Lees nou **Spreuke 8:13** en skryf die eerste sin van hierdie vers oor in die blok hieronder.



Spreuke 8:13

1. Kort gebed voor jy uit jou Bybel lees: draai na Heilige Gees en vra Hom om jou by te staan soos jy verder deur Spreuke lees. Vra Hom om vir jou Sy lig van Waarheid op die Woorde te skyn sodat jy mooi kan verstaan wat jy lees.

2. In hierdie hoofstuk is Wysheid self aan die woord, so asof sy 'n vrou is wat mense roep om hulle goeie beginsels te leer. Lees ***Spreuke 8:1-9*** met aandag deur. Lees rustig en dink oor elke vers. Staan vir 'n rukkie stil by 'n vers as jy daaroor wil nadink.

3. Skryf 'n paar eienskappe van Wysheid neer vanuit die volgende verse:

* Dis die moeite werd om na wyse raad te luister, want elke woord van wysheid is ____________________ (***vers 6***)



* Woorde van wysheid is die __________________________ (***vers 7***) en nie verkeerd of vals in sy bedoeling nie.


* Wyse woorde is _______________ (***vers 9***), nie krom en skeef, sodat mens wonder wat nou eintlik die bedoeling daarvan is nie.

* Mense wat kennis het en verstaan, weet dat woorde van wysheid __________ is (***vers 9***).

4. Wat besit jy wat die meeste werd is? Byvoorbeeld: 'n duursame fiets of 'n baie goeie selfoon? Dalk iets wat nóg meer waarde het? Noem 'n paar.

________________________________________________________________________

Hoeveel dink jy is dit werd? ____________________________________



5. Lees nou ***Spreuke 8:10–13.*** In hierdie verse leer ons dat God Wysheid as BAIE waardevol sien. Teken nou 'n staaf goud, silwer en edelstene en wat jy as waardevol beskou (***vers 11&12***), wat eintlik minder werd is as Wysheid.



6. Lees ***Spreuke 8:14-21.*** In hierdie verse verduidelik God vir ons wat al die voordele is wat Wysheid inhou. Ons moet dit begeer, vir God daarvoor vra en volgens Sy Wysheid lewe. Watter voordeel of belofte wat wysheid jou kan gee staan vir jou die meeste uit in hierdie verse?

____________________________________________________________

7. Die Bybel leer ons dat Wysheid al bestaan het, nog voor die aarde deur God geskep is! Lees nou die geskiedenis van die ontstaan van wysheid in ***Spreuke 8:22-31*** en skryf enige iets hiervan neer wat vir jou mooi is.

***Ek kom agter/ besef nou dat*** ______________________________________

____________________________________________________________

8. Dink jy God het dit geniet om die aarde te skape? ____________ Hoekom sê jy so?__________________________________________________________

9. Lees ***Spreuke 8:32-36*** en skryf enige iets hiervan neer wat vir jou mooi is.

____________________________________________________________

10. ***Vers 34*** sê dat dit goed sal gaan met jou as jy elke dag na wyse woorde luister (God se Woorde in die Bybel) en wag op God se hulp en leiding. Is dit vir jou maklik om te wag vir iets? ___________ Hoekom dink jy gee God nie altyd dadelik vir jou waarna jy vra nie? ___________________________________

____________________________________________________________



10. In ***vers 35*** praat Wysheid self en noem twee uitkomste van wanneer jy besluit om vir God Wysheid te vra en daarvolgens te lewe. Noem dit in die spasie hieronder.

**Wanneer ek die wysheid van God vind, kry ek:**

Dag 9: **Spreuke 9**

Kan jy onthou wat staan in die eerste gedeelte van **Psalm 111 : 10** ?
Blaai weer na **Spreuke 8:13** en lees die eerste sin van hierdie vers hardop. Skryf dit in mooi letters oor in die blok hieronder.



Spreuke 8:13

1. Vra vir Heilige Gees in 'n kort gebed om jou te leer en die bedoeling van die woorde te verduidelik soos wat jy verder deur ***Spreuke 9*** lees.

* Is jy al deur iemand genooi om by hulle te gaan kuier? Verduidelik wat die woord "**gasvry**" beteken.

___

* Wie sou jy sê, is baie gasvry en hoe laat dit jou voel wanneer jy by hulle kuier?

___

* Wat laat jou baie welkom by ander mense voel as jy by hulle kuier?

___

2. In die eerste verse van ***Spreuke 9*** word wysheid weer voorgestel deur 'n vrou wat 'n groot uitnodiging maak aan enige iemand wat belang sou stel. Lees ***Spreuke 9:1-6***.



3. Lees ***Spreuke 9:7-12*** en krabbel ('doodle') ***vers 10*** in jou eie mooi handskrif en met helder kleure hieronder. Waar begin wysheid?

Spreuke 9:10

4. Noem twee voordele wat hierdie verse noem, wat wysheid vir jou inhou.

* ______________________________________________
* ______________________________________________



5. In die volgende verse kry ons weer 'n teenstelling van wysheid en dit is dwaasheid. Hier beeld Salomo dwaasheid ook uit as 'n vrou wat aanhoudend, hard gesels, maar nie veel verstaan nie en nie regtig oor verskillende onderwerpe kan saamgesels nie. Al die maniere van die dwase vrou, is optredes wat 'n mens met wysheid sal verwerp (nie doen nie). Lees ***Spreuke 9:13-18*** en probeer kyk hoe die twee vrouens se optrede verskil.

6. Wat dink jy word bedoel in ***vers 17***?

______________________________________________

Die dwase vrou se bedoeling is donker, verkeerd en vol sonde. In hierdie vers sê sy vir die mense wat by haar indraai, dat dit goed is om verkeerde goed te doen. Sy sê dat dit "maar eintlik oraait/reg is as jy iemand se goed steel of vat vir jouself". Kan jy sien hoe sy mense verlei om die verkeerde pad te volg?



Was daar al mense wat jou aangeraai het om verkeerde dinge te doen, met die voorgee dat dit eintlik nie so sleg is nie? Waaroor het hulle jou omgepraat?

______________________________________________

Onthou ons kernvers van vandag ***Spreuke 8:13 (die hele vers)*** – kan jy dit opsê? Wat sê dit vir jou van die dwase vrou?

______________________________________________

7. Skets jouself wat staan in die pad wat jy tot nou geloop het. Eweskielik verdeel die pad in twee rigtings (die pad vurk). Een rigting wys na "**Dwase raad** " en die ander pad wys na "**Wyse raad**" se rigting. Watter pad sal jy van nou af kies? Teken hoe die verkillende paaie lyk en wat jy daarop te wagte kan wees.



Dag 10: **Spreuke 10**

Skryf **Spreuke 8 vers 13** oor in die blokkie hieronder.



Spreuke 8:13

1. Draai na Heilige Gees in 'n kort gebed en vra Sy hulp en leiding soos wat jy nou met die Woord van God besig gaan word.

2. Lees elke vers van ***Spreuke 10:1-10*** hardop en rustig deur. Stop na elke vers en dink oor dit wat daar staan. Hoe verstaan jy dit?



3. Verduidelik in jou eie woorde, wat jy dink God vir jou wil leer uit:

**** vers 2*** ____________________________________________

____________________________________________

**** vers 3*** *Wanneer ek volgens God se Woord lewe, sal Hy ewig vir my sorg.*

**** vers 4*** ____________________________________________

____________________________________________

**** vers 7*** ____________________________________________

____________________________________________

**** vers 9*** *Wanneer ek doen wat reg is, hoef ek nie bang te wees nie.*

**** vers 10*** ____________________________________________

____________________________________________



4. Lees ***Spreuke 10:11-20*** hardop en nadenkend deur.



Wat sê ***vers 11*** bring jou woorde as jy reg voor God lewe?

______________________________ en ____________________________

5. Lees in ***1 Korintiers 13:7*** oor die eienskappe van die liefde. Lees nou weer ***Spreuke 10:12.*** Wat in hierdie twee Bybelgedeeltes stem ooreen oor wat jy leer oor die liefde? Verduidelik in jou eie woorde wat dit vir jou beteken.

________________________________________________________________________

________________________________________________________________________

6. Lees ***Spreuke 10:21-25*** en voltooi dan die volgende sinne:

Ek besef vir die eerste keer dat ________________________________________

________________________________________________________________ ***vers 22***

Ek dink God wil vir my sê/leer dat _______________________________________

________________________________________________________________ ***vers 24***

7. Lees ***Spreuke 10:26-32*** en skryf dan die eerste sin van die kenmerke van wyse mense langs elke vers hieronder.




| vers | Kenmerke van wyse/reverdige mense se lewens |
|---|---|
| Vers 27 | |
| Vers 28 | |
| Vers 29 | |
| Vers 31 | |
| Vers 32 | |

8. Sluit vandag af deur na die bogemoende lys te kyk en vir God te vra om vir jou wysheid te gee, sodat jou lewe die kenmerke van 'n regverdige persoon voor God, sal weerspieël.



Dag 11: **Spreuke 11**



Lees en skryf **Spreuke 8 vers 13** oor in die blokkie hieronder.

1. Vra Heilige Gees om Sy lig op jou gedagtes en konsentrasie te skyn soos wat jy nou met die Woord van God besig gaan word.

2. Lees ***Spreuke 11:1-10*** hardop deur, as jy kan, dalk vir iemand in die huis. Dink oor elke vers soos wat jy daardeur lees. Skryf neer wat jy glo God vir jou wil sê of dit wat jy verstaan die kernboodskap is van die volgende verse:


* Sê nou jy is 'n bakker of werk by 'n veevoer maatskappy. Dis jou werk in die fabriek om die sakke vol varsgebakte koekies of voerpille te maak. Wat leer God jou wat jy moet onthou vanuit ***vers 1*** van hoofstuk ***11***?

________________________________________

________________________________________

3. Krabbel ***vers 2*** in die blok hieronder in mooi letter.

Spreuke 11:2



4. Lees die volgende verse van ***Spreuke 11:11-20.***

Wat leer jy uit die volgende verse oor jou manier van praat of jou woorde?

***Vers 12*** ____________________________________

***Vers 13*** ____________________________________

5. Lees verder deur ***Spreuke 11:21-31.*** Wat is die waarheid wat jy dink God vir jou wil leer in:

***Vers 22*** ______________________________________________

***Vers 24*** ______________________________________________

6. Lees weer ***vers 28*** en teken die vers soos jy dit verstaan. Skryf dan die vers oor in elke kant van die prent.

| Wie op sy rykdom staatmaak ... | Wie goed/reg doen ... |
|---|---|
| | Spreuke 11:28 |



7. Dink bietjie aan beroepe waar mense lewens red. Jy sal dink aan mense soos dokters, lewensredders, paramediese personeel wat opgelei is om mense wat in ongelukke was, by te staan en te help. Dalk het jy al 'n baba katjie of voëltjie se lewe gered of 'n hanslam grootgemaak wat se ma doodgegaan het.

Vertel van 'n keer wat jy iets gered/gehelp het. Hoe het dit jou laat voel om die 'redder' te wees? ______________________________________________

______________________________________________

God leer jou dat jy ander mense se lewens kan red, net deur gehoorsaam **aan Hom te wees en konstant Sy wil te doen. Deurdat jy daagliks opreg voor God lewe,** kan veroorsaak dat jóu voorbeeld ander mense red wat moontlik op die verkeerde lewenspad was.

8. Skryf ***vers 30*** hieronder en versier die woorde op 'n mooi kreatiewe manier.



Spreuke 11:30

Dag 12: **Spreuke 12**

Ken jy **Spreuke 8:13** al uit jou kop? Skryf dit oor in die blokkie hieronder.



1. In 'n kort gebed, draai na Heilige Gees en vra Hom om jou te lei soos jy verder deur Spreuke lees.

2. Lees elke vers van ***Spreuke 12:1-10*** hardop en nadenkend deur. Vergelyk ***vers 1*** in jou Bybel met die verskillende vertalings hieronder.

**Proverbs 12:1 (TPT)**

To learn the truth you must long to be **teachable**, or you can despise correction and remain ignorant.

**Proverbs 12:1 (ICB)**

Anyone who loves learning accepts being corrected. But a person who hates being corrected is stupid.

**Spreuke 12 Die Boodskap**

**1** Die een wat dissipline liefhet, het kennis lief, maar die een wat teregwysing haat, is verstandeloos.



> Skryf neer wat jy glo God vir jou wil leer deur hierdie vers.

3. Is daar 'n lewensaanpassing wat jy moet maak, sodat ***vers 6*** vir jou 'n waarheid word en jy 'n redder van ander mense sal wees?

4. Lees weer ***vers 10*** en teken hoe jy jou diere versorg. Teken ook hoe iemand wat goddeloos is, sy diere sal versorg volgens hierdie vers.

| Hoe ek my diere versorg (regverdige persoon) | Hoe goddelose mense hul diere versorg. |
| --- | --- |
| | |

Spreuke 12:10

>Hoekom dink jy gee God om 'hoe' iemand sy/haar diere versorg?



____________________________________________________

5. Lees nou verder ***Spreuke 12:11-20***.

Vra jy partykeer iemand se raad wanneer jy nie meer weet wat om te doen of hoe om 'n situasie te hanteer nie? Natuurlik is daar baie nut en waarde daarin om iemand anders se idees en voorstelle te hoor, veral as jou eie opgeraak het! Kyk hoe mooi leer God se Woord ons om altyd 'n leerbare hart te hê. Lees ***vers 15*** en skryf die laaste gedeelte daarvan op die lyn neer.

____________________________________________________

6. God vra van Sy kinders om altyd, in alle omstandighede, net die waarheid te praat (selfs al kan dit vir jou moeilik wees). Wanneer jy die waarheid praat, sal mense jou glo en onthou dat jy 'n betroubare mens is. Kyk wat ***vers 17*** jou leer en skryf die eerste gedeelte daarvan neer. Lees ook ***vers 22.***

____________________________________________________

____________________________________________________

7. Lees nou verder ***Spreuke 12:20-28.*** Watter boodskap kry jy uit ***vers 24?***

____________________________________________________

8. Teken enige een van die ***verse 25-28*** soos jy dit verstaan. Skryf die vers oor op die lyn wat jy gekies het om te teken en bêre dit in jou hart. Hoekom het jy hierdie vers gekies? ________________________________________



____________________________________________________

Dag 13: # Spreuke 13

Lees **Spreuke 9:10** en skryf dit oor in die blokkie hieronder.



1. Nooi vir Heilge Gees uit om saam met jou deur ***Spreuke 13*** te lees. Vra Hom om vir jou die Skrif te verduidelik sodat jy dit deel van jou lewe sal maak.

2. Lees ***Spreuke 13:1-10*** stadig terwyl jy dink oor elke vers nadat jy dit gelees het.

3. ***Vers 2 en 3*** leer jou waarhede oor jou woorde. Jy kan ook in ***Jakobus 3*** lees van die groot krag wat jou tong het, deur die woorde wat jy kies om te gebruik. Wat dink jy wil God jou leer of teen waarsku in ***vers 2 en 3*** van ***Spreuke 13***?

____________________________________________


____________________________________________

4. Somtyds kan dit gebeur dat ons na mense se uiterlike kyk en dan besluit 'hoe' hulle is. Ander kere kyk ons na hoe mense lewe en dan neem ons sommer aan dat hulle 'ryk of arm' mense is. Dit is 'n baie gevaarlike ding om te doen, omdat God anders na mense kyk en ons aanmoedig om nie mense te behandel, klassifieer of oordeel soos wat ons <u>sien</u> nie. Lees ***1 Samuel 16:7*** en vergelyk dit met ***vers 7*** van ***Spreuke 13***. Wat leer jy uit hierdie verse van dit wat ons sien teenoor dit wat die werklike waarheid volgens God se oë is?

____________________________________________

____________________________________________

5. Gee 'n paar sinonieme vir "**selfverheffing** " (***vers 10***).



____________________________________________



6. Lees ***Spreuke 13:11 - 20*** terwyl jy dink aan voorbeelde in jou of ander mense se lewens wat elke vers beskryf of 'n invloed daarop kan hê.

7. Lees ***vers 14*** weer en skryf een of twee mense neer wie in jou lewe as "wyse mense" uitstaan. Hoekom sien jy hulle as wys?

8. Lees die onderstaande twee vertalings uit ***Markus 4:25***. Onderstreep of kleur die woorde in wat vir jou uitstaan.

**Mark 4:25** *Amplified Bible*

*25 For [a]whoever has [a teachable heart], to him more [understanding] will be given; and whoever does not have [a yearning for truth], even what he has will be taken away from him."*

**Markus 4:25** *Nuwe Lewende Vertaling*

*25Wie hulle oopstel vir my onderrig – vir hulle sal nog meer gegee word. Maar wie dit nie doen nie – van hulle sal selfs die bietjie wat hulle het, ook nog weggeneem word."*



9. Lees weer ***Spreuke 13:18*** en verduidelik hoekom Jesus ook die mense in ***Markus*** weer geleer het dat 'n leerbare hart regdeur jou lewe belangrik is.

__________________________________________________

__________________________________________________

10. Wat leer jy vanuit ***vers 20*** ten opsigte van jou keuse en die invloed wat verskillende tipe maats op jou lewe kan hê? ________________________


__________________________________________________

11. Lees nou ***Spreuke 13:21-25.*** Het jou ouers jou al gestraf as jy ies verkeerd gedoen het of ongehoorsaam was? Lees nou weer ***vers 24***. Blaai ook en lees ***Hebreërs 12:5-11***. Wat leer jy is die doel daarvan wanneer jy gestraf, getug of tereggewys word deur jou ouers en deur God?



# Dag 14: Spreuke 14

Lees **Spreuke 9:10** en skryf dit oor in die blokkie hieronder.



1. Sit rustig en maak jou oë vir 'n rukkie toe. Verbeel jou dat Heilge Gees langs jou sit. Vra vir Hom saggies in jou gedagtes om saam met jou deur ***Spreuke 14*** te lees en vir jou iets te leer wat jy nog nooit voorheen raakgesien het nie. Vra Hom om jou te help om dit deel van jou lewe te maak.

2. Lees stadig deur die verse van ***Spreuke 14:1-10***. Dink oor elke vers nadat jy dit gelees het en laat Heilige Gees toe om Sy lig op die woorde in jou hart te skyn.

3. Teken ***vers 1*** van ***Spreuke 14***. Skryf die invloed van 'n wyse en dwase vrou op haar huis vanuit ***vers 1*** in die blokkies oor.

| Wyse vrou | Dwase vrou |
| --- | --- |
| | |

4. Wat dink jy wil Salomo vir jou leer (wat is die kernboodksap) uit ***vers 5***?

5. Lees verder ***Spreuke 14:11-20***. Krabbel ***vers 12*** in die blok hier onder, Dink na oor die betekenis van hierdie vers en gesels met iemand hieroor.

Spreuke 14:12



6. ***Vers 15 en 16*** leer jou dat jy nie sommer alles moet glo wat mense vir jou sê nie. Partykeer kan mense vir jou leuens vertel (oor ander of jouself) of net sê wat hulle dink oor 'n onderwerp. Die Bybel leer jou in hierdie twee verse dat 'n kind van God alles wat Hy hoor, eers moet opweeg/vergelyk met dit wat God self sê in Sy woord en deur Sy Gees.

7. Lees vers-vir-vers deur ***Spreuke 14:21-30***. Wat leer jy uit ***vers 23***?

______________________________________________________________

8. Krabbel ***vers 26 en 27*** in die raampie hieronder en versier die woorde met mooi kleure en prentjies as jy wil.

Spreuke 14:27



9. Watter eienskap van die vrug van die Gees word in ***vers 29*** uitgelig? Hoekom dink jy is dit nodig om hierdie eienskap te beoefen en uit te leef ?

______________________________________________________________

>Wanneer of waar sukkel jy die meeste om geduldig te wees?

______________________________________________________________

10. Lees ***Spreuke 14:30-35.*** Antwoord dan die volgende vrae:

* Wat hou die liggaam gesond? ______________________________(***vers 30***)

* Waanneer eer jy God volgens ***vers 31***? ______________________________

* Watter eienskap laat 'n volk van 'n land sterk staan?
____________________ __________________________ (***vers 34***)

* Waanneer sal 'n land se volk skande beleef ? ________________________
__________________ (***vers 34***)


* Watter voordeel is daar vir 'n persoon wat verstandig (met wysheid) leef voor God? ____________________________________________ (***vers 35***)

11. Skryf die vers uit ***Spreuke 14*** wat jou die meeste geraak het neer.

______________________________________________________________



Dag 15: **Spreuke 15**



Skribbel **Spreuke 9:10** in mooi skrif hieronder in die blokkie.

1. Sit gemaklik en stel jouself in dat Heilige Gees in jou is en jou nou wil bystaan terwyl jy verder deur ***Spreuke*** lees. Draai jou gedagtes na Hom en vra Hom in 'n kort gebed om jou te leer soos jy deur die verse lees.

2. Lees ***Spreuke 15:1-10***. Dink rustig, nadat jy elke vers gelees het, oor hoe dit jou lewe kan beïnvloed.


3. Skribbel en teken iets wat jy raaklees vanuit ***vers 3*** in die ovaal hieronder.

Spreuke 15:3

4. Hoe leer ***vers 8*** jou moet jou hart wees wanneer jy bid tot God? Gee sinonieme vir die woord en verduidelik so 'n tipe hart se ingesteldheid.

5. Noem die verskil tussen die kenmerke van die woorde wat wyse en dwase mense gebruik. Gebruik ***verse 2 en 4***.

| 'n Wyse mense se woorde: | 'n Dwase mense se woorde |
| --- | --- |




6. Volgens ***vers 9***, wanneer het God jou lief? ______________________________

>Wat dink jy is *God se wil vir jou lewe* op hierdie oomblik?

______________________________________________________________________

7. Lees nou ***Spreuke 15:11-20***. In ***vers 3*** het jy geleer dat God oral kan sien. Watter waarheid lees jy raak in ***vers 11*** oor jou gedagtes?



______________________________________________________________________

8. ***Vers 13 en 15*** vergelyk 'n **blymoedige** mens met 'n **teneergedrukte/bedrukte** mens. Teken die gesigte van sulke tipe mense en verduidelik hoe dit met so 'n mens gaan vanuit ***verse 13 & 15***.

9. Lees nou ***Spreuke 15:21-30*** en beantwoord dan die vraag :

* Waarvan hou God glad nie? __________________________________ (***vers 26***)



10. Lees nou weer ***vers 27***. Het iemand al vir jou uitgedaag (ge'dare') om iets te doen? Gewoonlik sê hulle dat hulle vir jou iets sal gee (omkoopgeskenk) as jy dit doen. Tog weet jy dat jou optrede altyd eer aan God moet bring en reg moet wees in Sy oë, selfs al lyk die prys van mense vir jou baie aanloklik! Tog leer God ons om nie omkoopgeskenke te aanvaar as prys daarvoor wanneer ons nie in lyn met Sy wil vir ons lewe optree nie.

11. ***Vers 33*** leer vir jou, dat wanneer jy vir Jesus as die Anker en die Herder van jou lewe te kies, wysheid jou present sal wees. Soos wat jy deur jou lewe gaan, sal Heilige Gees jou leer hoe om 'n lewe te leef, wat eer bring aan God en waar Hy jou wil gebruik om Sy Koninkryk uit te brei op aarde. Skryf nou die eerste sin van ***vers 33*** op die lyn.

______________________________________________________________________

_______________________________________________________ Spreuke 15:33


12. Wat is die *karaktereienskap* wat jy moet toon voordat jy vereer sal word deur God? (***vers 33***) ____________________



Dag 16: **Spreuke 16**

Ken jy **Spreuke 9:10** al uit jou kop? Skryf dit hieronder neer.

Spreuke 9:10



1. Draai jou gedagtes na Heilge Gees in 'n kort gebed en vra Hom om jou by te staan soos wat jy verder die Woord van God bestudeer.

2. Lees ***Spreuke 16:1-10***. Wat verstaan jy nadat jy ***vers 1 en 9*** klaar gelees het van al jou eie planne/voornemens wat jy gewoonlik maak? ______________

______________________________________________________________________

3. Het dit al met jou gebeur dat jy iemand antwoord, maar in jou hart weet jy, jy voel of dink anders? Dalk het jy vir jou ma gesê dat jy nou gaan bad, maar in jou hart het jy geweet jy wil haar net tevrede stel met 'n goeie antwoord, want eintlik gaan jy nou eers verder blokkies speel of nog 'n bietjie langer op jou fiets rondry? Lees ***vers 2***. Verduidelik wat jy verstaan uit hierdie vers.______________________________________________________________

______________________________________________________________________



***Dis belangrik om te onthou dat God belangstel in die toestand of gesindheid van ons hart. Hy wil hê dat ons nie een ding sê en dan anders optree nie. Onthou dat jy niks kan wegsteek vir God nie – Hy sien jou hart en gedagtes.***

***Hy begeer dat ons in alles eerlik en opreg voor Hom sal lewe.***

4. Dit is onvermydelik dat jy met maats of familielede in konflik betrokke sal raak (rusie of bakleiery). Dit gebeur wanneer mense van mekaar verskil. Maar God gee vir jou die geheim HOE om met ander mense oor die weg te kom wanneer iemand jou verkeerd behandel of teenoor jou opgetree het. Wat help mense om weer met mekaar oor die weg te kom (versoening)?

_______________________________________________________________ (***vers 6***)

5. Lees elke vers van ***Spreuke 16:11-20*** rustig deur. Wat is belangriker om te kry in jou aardse bestaan, selfs as goud en silwer? (***vers 16***)

+



6. Jou **optrede** het gewoonlik 'n **gevolg**. Goeie optrede het goeie gevolge, net soos slegte of verkeerde optredes, negatiewe gevolge sal hê. Jy weet dat dit so is, want net deur gehoorsaam of ongehoorsaam te wees, het jy dit al agtergekom. Skryf die optrede en gevolge neer wat jy raaklees vanuit ***vers 18***.

7. Lees verder deur ***Spreuke 16:21-30. Verse 21 en 23*** leer jou hoe jy jou woorde moet kies en om nie sommer net vinnig woorde te sê, wat somtyds 'n ander persoon kan seermaak of afbreek nie. ***Vers 24*** gaan aan om te praat van hoe jou woorde moet wees. Skryf ***vers 24*** in die blokkie en teken prentjies daarby soos wat Heilige Gees jou lei.



Spreuke 16:24

8. ***Vers 28*** verduidelik vir ons hoekom mense somtyds baklei of 'twis'. Somtyds kan 'n groot geveg ontstaan tussen maats as gevolg hiervan, soveel so dat vriendskappe opbreek en harte seerkry in die proses. Wat kan van die redes wees, volgens ***vers 28***, dat mense in 'n bakleiery betrokke kan raak?

____________________________________________________

9. Lees ***Spreuke 16:31-33***. Wat is die oorsaak van 'n lang lewe volgens ***vers 31?*** __________________________________________________

10. Wat is 'n karaktereienskap en vrug van die Gees wat van groot waarde is in jou lewenswandel saam met Jesus? (***vers 32***)



11. Vertel van 'n keer waar ***vers 33*** waar was in jou lewe.

Dag 17: # Spreuke 17

Kan jy onthou wat staan in **Psalm 11:10?** Skryf dit oor in die blokkie hieronder.



1. Keer in jou hart na Jesus en verbeel jou dat Hy by jou sit. Weet dat Sy Gees in jou is en jou wil leer hoe om reg te lewe. Vra daarom nou vir Hom om jou by te staan soos wat jy verder deur ***Spreuke*** lees.

2. Lees ***Spreuke 17:1-10*** nadenkend deur. ***Vers 3*** vergelyk die moeilike tye in jou lewe waardeur jy somtyds gaan (wanneer iemand siek raak of doodgaan of iets hartseers beleef) met goud wat in 'n oond gelouter word. Wanneer goud uit die grond uitgehaal word, lyk dit amper soos vuil klip, maar nadat dit weer en weer by 'n hoë temperatuur aan vuur bloodgestel word, smelt al die vuiligheid en onreinheid weg en bly net die suiwerste stuk goud oor. Lees nou ook ***1 Petrus 1:6-7.*** Wat sê die Woord is die rede daarvoor dat mense dan somtyds deur moeilike tye op aarde gaan?

_______________________________________________

3. Partykeer kan dit baie snaaks wees om spottenderwys grappies te maak oor ander mense se klere, leefstyl of optrede. Maar ***vers 5*** leer jou dat dit nie pas by kinders van God nie. Wat is die twee dinge wat hierdie vers jou leer om NIE te doen NIE.

Ek moenie ________________________________ of my


________________________________ se ongeluk nie.

4. Vertel in jou eie woorde, watse wysheid jy leer uit ***vers 9***.



_______________________________________________

_______________________________________________



5. Lees ***Spreuke 17:11-20*** rustig deur.

Verduidelik wat bedoel word met: 'as jy goed met kwaad vergeld' (***Vers 13***).

______________________________________________

6. Dit is onvermydelik om somtyds te verskil van jou maats of familielede. Tog kan jy jou verskille op 'n mooi manier met ander hanteer, sonder om in 'n vreeslike bakleiery betrokke te raak. ***Vers 14*** leer jou 'n kosbare waarheid hieroor. Wat staan jy te doen nadat die waarheid van hierdie vers jou hart bereik het?

______________________________________________

______________________________________________

7. Watter tipe optredes of karaktereienskappe waarsku ***vers 19 & 20*** ons, kan veroorsaak dat 'n mens in bakleiery betrokke raak, teenspoed kan beleef of moontlik tot 'n mens se ondergang kan lei (afnemende gewildheid).

Ek moet nooit_________________________________________

_______________________________________________ nie.

8. Lees ***Spreuke 17:21-28.*** Krabbel ***vers 22*** in die blokkie hieronder en teken gesigte wat hierdie vers voorstel.

Spreuke 17:22



9. Skryf ***vers 24*** oor op die lyne. Onderstreep/omkring woorde wat vir jou belangrik is en uitstaan.

______________________________

______________________________

______________________________

10. Wat leer jy uit ***vers 27&28*** oor die woorde van 'n wyse persoon?

______________________________

______________________________

______________________________



Dag 18:

# Spreuke 18

Kan jy onthou wat staan in **Psalm 8:13?** Skryf dit oor in die blokkie hieronder




1. Vra vir Heilige Gees om jou help en om vir jou die Woord te verduidelik soos wat jy verder deur ***Spreuke*** lees.

2. Lees elke vers van ***Spreuke 18:1-12*** met aandag deur. Staan vir 'n rukkie stil by 'n vers as jy daaroor wil nadink.

3. Lees weer ***verse 6, 7 en 8***. Al drie hierdie verse het te doen met die invloed wat jou woorde kan hê. Skryf nou die boodskap wat elke vers jou leer neer.

| | |
|---|---|
| ***Vers 6*** | My woorde moet |
| ***Vers 7*** | My woorde moet |
| ***Vers 8*** | Ek moenie |



4. Lees weer ***vers 10***. Skryf dit oor op die lyne en stel die vers voor met 'n tekening om dit vir altyd te onthou.

____________________

____________________

____________________

____________________


____________________

Spreuke 18:10

5. Lees verder deur ***Spreuke 18:13-24.*** Wat dink jy is die kernboodskap van ***vers 13?***



6. Lees ***vers 21*** weer. Hierdie vers besit 'n waarheid wat elke mens moet besef en aan sy hart moet vasmaak. Skryf die vers oor en teken 'n prentjie daarby sodat jy dit vir ewig sal onthou. Die woorde wat jy spreek kan ander opbou en bemoedig. Net so kan die verkeerde woorde wat mens kies om te spreek, baie hartseer, pyn en seer veroorsaak. Kies dus vandag om woorde van liefde en bemoediging te spreek waar jy ook al gaan – dit is wat God oor ons spreek!



Spreuke 18:21




7. Teken vir jou en jou beste maat in die sirkel hieronder. Die Woord leer ons dat die regte maat, vriend of vriendin, van baie groot waarde kan wees in jou lewe. Kies dus jou vriende met sorg en wees ook 'n liefdevolle, opregte en betroubare vriend vir ander maats.

Spreuke 18:24



Dag 19: **Spreuke 19**

Kan jy onthou wat in **Spreuke 9:10** staan? Skryf dit in die blokkie hieronder.




Spreuke 9:10

1. Nooi vir Heilige Gees uit om saam met jou deur ***Spreuke 19*** te lees. Vra Hom om die woorde en wyshede in jou hart te bêre en deel te maak van jou lewe.

2. Lees ***Spreuke 19:1-10*** rustig vers-vir-vers deur. Voltooi dan die volgende sinne:

* ***Vers 1*** sê dat ek ____________________ moet lewe.

* ***Vers 2*** waarsku dat wanneer ek ________________________________ is, ek foute kan maak.



3. Hou jy van jouself of is jy lief vir jouself? _________________________

Verduidelik jou antwoord ___________________________________________

Lees weer ***vers 8*** en blaai dan in jou Bybel na ***Markus 12*** en lees ***verse 28-31***. In ***vers 31*** sê Jesus dat jy ander moet liefhê soos jouself. Hoe kan jy verander deur groter liefde teenoor jouself te bewys? ______________________________

_______________________________________________________________________

4.Lees verder deur ***Spreuke 19:11-20***.



Kyk weer na ***vers 11***. Wat glo jy is die kern karaktereinskappe wat hierdie vers jou wil aanmoedig om te kweek, as kind van God?

_______________________________________________________________________

_______________________________________________________________________

***Reg deur Jesus se lewe sien ons dat Jesus se hart sag en vol liefde teenoor sy medemens was. Hy het sy dissipels se voete gewas, siek mense aangeraak en gesond gemaak en selfs mense van kos voorsien. Al was Jesus nie betaal met geld vir Sy goeie dade en hart van liefde vir dit wat Hy hier op aarde gedoen het nie, weet Hy dat Sy Vader in die Hemel, Hom elke keer raakgesien het as Hy iets goeds vir Sy medemens gedoen het.***



5. Partykeer wil jy takies doen en vergoed word daarvoor. Dalk sien jy hoe mense betaal word vir die werk wat hulle verrig. Dis 'n manier van beloning wat ons op aarde ontvang. Maar dit kan gebeur dat jy somtyds goeie dade sal doen aan ander, waarvoor jy nie beloon sal word nie. Weet dan in jou goeie hart, dat God jou raaksien. Lees weer ***vers 17*** en dink oor hierdie vers. Oor wie of wat (bv.'n siek voëltjie of 'n behoeftige persoon) het jy jou al ontferm?

______________________________________________________________

6. Lees nou ***Spreuke 19:21-29*** en skryf ***vers 21*** in die blok oor. Wat leer dit jou? Vertel vir iemand hoe jy hierdie vers verstaan.



Spreuke 19:21

7. Wat is vir jou snaaks van dit wat Salomo noem in ***vers 24***?

______________________________________________________________

______________________________________________________________

8. Dit is vir God baie belangrik dat kinders hulle ouers moet respekteer en luister na hulle raad. God het jou met baie liefde geplaas in die gesin waarby jy nou grootword. Hy het 'n baie goeie rede hiervoor en 'n groot plan met jou lewe! Lees ***Efesieërs 6:1-3***. Lees nou weer ***Spreuke 19:26-27***. Waarteen waarsku Salomo jou hier? Hoe moet jy as kind van God nie optree nie?




______________________________________________________________

______________________________________________________________

9. Teken nou jou familie en die persone wat gewoonlik vir jou raad gee in jou lewe. Sê vir God dankie in 'n kort gebed vir elkeen van hulle.

Dag 20: **Spreuke 20**

Skryf die laaste sin van **Prediker 8 vers 1** in die blokkie.



Prediker 8:1

1. Sê vir Heilige Gees dankie dat Hy jou elke keer bystaan wanneer jy na die Woord draai. Nooi Hom weer uit om saam met jou verder deur ***Spreuke*** te lees.

2. Lees ***Spreuke 20:1-10***. Dink rustig oor elke vers nadat jy dit gelees het en laat Heilige Gees toe om Sy lig op die woorde in jou hart te skyn, sodat dit vir jou verstaanbaar en toepaslik kan word in jou eie lewe. Vertel Hom wanneer jy iets nie mooi verstaan wat jy lees nie.

3. Lees weer ***vers 7***. Hoe dink jy lyk 'n lewe van 'n mens '**wat reg**' doen en '**eerlik lewe**'? (wat is eienskappe van so persoon se leefwyse)

______________________________________________

______________________________________________

4. Waarteen dink jy is dit wat God 'n afsku in het, wat ***vers 10*** vir ons probeer beskryf? Omkring die antwoord.

Mense wat vuil taal gebruik / Mense wat steel / Mense wat oneerlik is /

Mense wat jaloers is op ander / Mense wat mooi prentjies teken. 😊

5. Lees ***Spreuke 20:11-21.*** Wat tref jou van ***vers 11***?

______________________________________________

______________________________________________




6. In jou eie woorde, beskryf wat ***vers 13*** vir jou sê en leer oor jou uitkyk oor werk / skool/ jou verantwoordelikhede.

_______________________________________________

7. ***Vers 19*** waarsku jou teen mense wat lelike stories of vals inligting oorvertel van ander. Lees die onderstaande verse en skryf die boodskap neer wat jy verstaan wat jy daaruit kan leer.

| | |
|---|---|
| ***Efesieërs 4:29*** | |
| ***Spreuke 20:19*** | |
| ***Psalm 34:13-14*** | |



8. Lees ***Spreuke 20:22-30***.

Partykeer gebeur dit dat maats of mense, jou lelik behandel of op 'n disrespekvolle manier met jou praat. Dit mag gebeur dat jy voel jy wil daardie persoon terugkry vir sy/haar se verkeerde gedrag teenoor jou. Lees nou weer ***vers 22*** en kyk wat hierdie vers jou leer hoe jy moet optree wanneer jy kwaad aangedoen is deur ander.

_______________________________________________

9. Krabbel ('doodle') ***vers 27*** in die blok hieronder.



10. Hoe laat dit jou voel om te weet Jesus sien 'deur jou' (***vers27***)?

_______________________________________________

_______________________________________________

11. Het jy al pakslae gekry omdat jy ongehoorsaam was ? ______________

Lees ***vers 30***. Dink jy dit wat hierdie vers sê is waar? ________________

Verduidelik hoekom jy so dink.__________________________________________

_______________________________________________

& Gees
Heuningsoet Woord
Psalm 19:10&11

deur Carien Stander

www.thedesertcall.com

Hierdie Joernaal is gemaak om uit te deel! My begeerte is dat kinders lief raak vir die Woord van God en dat hulle deur leiding van Heilige Gees, die Stem van God herken soos hulle deur die Woord lees. Voel vry om hierdie joernaal aan te stuur of uit te druk vir iemand. Moet asseblief nie enige deel hiervan verkoop nie. Aangesien hierdie joernale verniet is, gaan dit nie deur uitgewers wat dit hersien nie. Wanneer jy op 'n fout afkom, is jy welkom om my in te lig! Ek dateer gereeld die uitgawes op en sal gewoonlik die nuutste uitgawe uitstuur op versoek. Kontak my gerus per epos vir navrae oor Bybel Joernale vanuit ander Bybelboeke. carien@hencar.co.za